# Rietvallei

## *Kampnuus*

### Spookkamp 19-21 April 2024

Hierdie is nie net 'n samevatting van gebeure die naweek nie, maar wel 'n aanloop daarna en dan natuurlik die lekker samevatting.

Na die spookkamp aanvaar was is daar hard beplan aan moontlike kampplek asook roetes om seker te maak dat die spookkamp inter-aktief is en sommer bietjie pret saam met die naweek kom.

Om mee af te skop was daar 'n "hangman" speletjie wat lede moes saamspeel om te kan bepaal watter area die kamp in gaan wees. Die korrekte antwoord was 'Waterberg Distrik' in die Nylstroom area.

Nou ja, om hier te kon uitkom was daar vinnige asook stadige deelnemers. Daar was ook 'n deelnemer wat Pieter probeer omkoop het, maar heelaas het ons vas gestaan en die koppe behoorlik laat krap. Met so 'n lekker gespelery moes daar natuurlik wenners en verloorders wees. Hierdie manne en dames het dan elkeen 'n prys gekry vir al hul moeite.

Ons wou ook 'n samehorigheid gekweek het en die gevoel was dat dit so uitgewerk het.

Roetes is dus beplan, 3 stoppunte was vooruit besoek, om leidrade en 'n soetigheid by te los, en daar was deur Magdaleen sommer baie geknip en geplak om die 16 pakke gereed te kry vir die lys van kampers.

En so breek die tyd aan vir die eerste spookkamp vir Rietvallei streek …

Eerste stop is by die gemakswinkel by die Total vulstasie op die N1. Daar kry lede 'n legkaart om te bou met iets soets om aan te peusel. Die legkaart beduie hulle tot by Toeka restaurant. Daar kry lede 'n krabbel uitdaging wat hulle moet uitpluis en ietsie vir die dors. By Klein Kariba kry hulle uiteindelik die kampplek se naam en aanwysings. Kleine Bela is net buite Bela Bela. 'n Pragtige kampplek met groot bome en heelwat groen gras. Daar is tot 'n paar lede wat in die klein huisies bly wat self mooi en goed ingerig is.

Vrydag kom die lede een vir een by die kamp aan en met aankom ontvang elkeen 'n vadoek as geskenk en aandenking van die eerste spookkamp. Daar word sommer dadelik oor en weer gekuier.

Laatmiddag word daar heerlike kerrie maalvleis met roti's en "wraps" verskaf. Waarna Pieter die boekevat behartig. Pryse word oorhandig vir die wenners van die "hangman" speletjie.

Saterdag oggend meld 14 aan om te gaan stap – en natuurlik een op sy fiets 😊 Dis 'n gelyk, maklike roete van so 2km. Heeldag lank word daar heerlik ontspan en by die woonwaens gekuier.

Die aand skop af met 'n braaibroodjie uitdaging. Die beoordelaars het omtrent kopgekrap, maar uiteindelik is André en Wilna as wenners aangekondig en hulle stap weg met 'n bottel wyn.

Daarna braai almal saam by die gesamentlike braai area.

Sondag sluit Magdaleen die naweek af met 'n boekevat oor die seisoene van ons lewens. En dan natuurlik die gebruiklike koektafel.

Van die lede moet huiswaarts keer, maar daar is die gelukkiges wat nog 'n paar aande kan bly.

Dankie aan elkeen wat saamgespeel het en die spookkamp saam met ons meegemaak het.


Tot 'n volgende kamp, veilig sleep!








So skop ons spookkamp af by Kleine Bela









So kamp ons met genoeg koelte bome en gras groen gras.

















19/4/2024





# saterdag




Nou gaan
ons braai







# Braaibroodjies

## Kompetisie








Rietvallei
Kamp
2024




Magdaleen en Pieter